

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
eviljoen7@absamail.co.za
Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@hantam.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

Oktober 2008 **Nommer 71**

INHOUDS OPGAWE

Jou naaste soos jouself	...1
Gedoop en vervul deur die Gees	...3
Die Bybel en ons begrip van wat goed is	...5
Die begin van die liturgie	...7
Die nood van Jerusalem (Nehemia 1)	...8
Visie op die kind	...12
Salig is die barmhartiges	...14
Saam met al die heiliges	...16

Jou naaste soos jouself

GJC Jordaan

In die gesprekke en debatte van ons tyd word die gebod van naasteliefde dikwels bygehaal. Mense moet nader aan mekaar beweeg, word gesê, want die Bybel eis mos dat ons ons naaste moet liefhê soos onself.

Dat die eis om naasteliefde soveel aandag kry, is rede vir dankbaarheid. Daar is egter ook rede vir besorgdheid, veral omdat dit blyk dat die eis om naasteliefde dikwels uit verband geruk word, en op 'n manier gebruik word wat nie met die oorspronklike bedoeling daarvan klop nie.

Binne konteks

In Matteus 22 en in Markus 12 lees ons dat Jesus die liefdesgebod gegee het as antwoord op die Fariseërvraag: "Meester, wat is die groot gebod van die wet?" Agter hulle vraag was daar heelwat bybedoelings.

Die Fariseërs was immers bekend vir hulle wetsverknoëing. Hulle het die wet, wat God as 'n *eenheid* gegee het, gaan versplinter in afsonderlike afdelings, en dié toe in volgorde van belangrikheid gerangskik. Hulle het van die Sadduseërs verskil oor watter afdeling van die wet die belangrikste is, en by hierdie geskil wou hulle Jesus intrek. Vandaar hulle vraag na die belangrikste gebod.

Omdat Jesus die listigheid van hulle harte geken het, het Hy in sy antwoord op hulle vraag die hele wet saamgevat in die liefdesgebod; "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en die groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, jy moet jou naaste liefhê soos jouself".

Jesus stel dit dus baie duidelik dat die twee hoofafdelings van die wet — soos in die liefdesgebod gestel — *aan mekaar gelykstaan*. Dit sê Hy nie sonder rede nie, want daarmee kniehalter Hy elke poging van die mens om die wet in 'n prioriteitslys te probeer indruk. Die afdelings van die wet kan nie van mekaar losgemaak word nie:

- Ons kan nie nét God wil liefhê en naasteliefde verwerp nie. Dit is wetsverknoëing om in kwaavriendskap, familietwis en rassehaat te lewe en dan te sê: "Ag wat, die belangrikste is dat ek God liefhet". So 'n houding word in 1 Johannes 4:20 afgewys. Daarom sê Jesus dat die twee gebooie gelykstaan.

➤ Net so is dit wetsverknoeiing om die tweede deel van die liefdesgebod tot die belangrikste te verhef. Om te sê: "Ons moet uit Christelike naasteliefde alle mense onvoorwaardelik, mét hulle foute en sonde, aanvaar (ons is mos almal sondaars); ongeag hulle geloof of oortuigings, want hulle is mos ons medemens, ons naaste – dit is nie 'n Christelike uitspraak nie, maar is die taal van die New Age wat op humanistiese wyse naasteliefde verdraai tot 'n Godlose mensliefde.

So 'n uitspraak ruk die naasteliefdegebod gruwelik uit verband, deur dit los te maak van die gebod waaraan dit gelykstaan: die liefde tot God. Hoe die naasteliefde-gebod *wel* met die liefde tot God in verband gebring moet word, word hieronder verduidelik.

Oorspronklike bedoeling

In humanistiese kringe word daar groot gewag gemaak van die feit dat ons, ons naaste moet liefhê soos *onself* — as 'Bybelse grond' vir die gedagte van 'eweredige verspreiding van rykdom'; en as motivering om van alles wat ons is en het, alles wat God ons gemaak en gegee het, afstand te doen en aan nuwe eienaars te oorhandig. Eers dan, sê hulle, het jy jou naaste lief net soveel as wat jy jousef liefhet.

Met hierdie bewerings wys sulke mense dat hulle nie die oorspronklike bedoeling van Jesus se woorde snap nie. Om jou naaste lief te hê 'soos jousef', beteken nie dat jy hom *net soveel* as jousef moet liefhê nie (dan sou jou naasteliefde immers daarvan afhang hoeveel jy jousef liefhet!)

Die oorspronklike woorde 'soos jousef' beteken:... *op dieselfde manier as jousef*. Die liefdesgebod gaan dus nie oor *hoeveel* ons ons naaste moet liefhê nie, maar oor die *manier waarop* ons ons naaste moet liefhê, naamlik *op dieselfde manier* as wat ons onself liefhet.

Selfliefde

Ons moet dus éérs duidelikheid hê oor die manier waarop ons onself moet liefhê. Op hierdie punt moet die verband tussen die twee dele van die liefdesgebod in berekening gebring word. God eis dat ons onself moet liefhê, nie in egoïstiese selfaanbidding nie, maar in gehoorsaamheid aan die eerste helfte van die liefdesgebod: omdat ons God liefhet. Omdat ons God liefhet, het ons ook die werk van sy hande lief. Wat die mens betref: God het die mens na sy beeld geskape, goed en heilig, vol geregtigheid en waarheid. As sodanig moet ons dan elke mens liefhê — ook onself!

Ware Christelike selfliefde is dus om jousef as beeldraer van God lief te hê. Dit beteken dat ons die gestalte van geregtigheid, heiligheid en waarheid in onself met alles wat ons het, moet liefhê en koester en bevorder. En enigiets wat dié gestalte bedreig, moet ons met alles in ons vermoë beveg (Efesiërs 4 : 22 - 24). Ons mag die sonde, wat sedert die sondeval in elke mens (en daarom ook in onself) na vore tree, nie liefhê nie. Ons moet dit haat en bestry! Ware Christelike selfliefde is dus 'n eis tot voortdurende selfondersoek, selftug en bekering van die sonde.

Ware naasteliefde

Net so — op dieselfde manier — moet ons ons naaste liefhê: ons moet die gestalte van geregtigheid, heiligheid en waarheid in hom bevorder omdat ons die beeld van God in hom liefhet.

Maar die gestalte wat die sonde in hom aanneem, moet ons beveg! Met alle mag! Daarom is ware naasteliefde alles behalwe 'n ruggraatlose verdraagsaamheid jeens die sonde, of 'n standpuntlose aanvaarding van al wat mens is, ongeag die gestalte wat die sonde in hom aanneem.

Ware Christelike naasteliefde is 'n opdrag tot strenge tug en vermaning van jou naaste waar hy nie die weg van Gods Woord loop nie; en waar ongeloof en afgodery gedy, mag ons nie daarmee vrede maak nie. Juis vanweë naasteliefde moet ons volhou met sending en evangelisasie! Ons benadering tot die heiden en die heidendom moet steeds dié wees van sendelinge wat die heerlike evangelie van Jesus wil uitdra.

**Ware Christelike selfliefde
is dus om jousef as
beeldraer van God lief te hê.**

Diegene wat die liefdesgebod buite bostaande raamwerk wil verstaan, is soos die Fariseërs en Sadduseërs van ouds, besig met wetsverknoeiing. Vir die ware gelowige wat geroepe is om altyd te reformeer, is sulke wetsverknoeiing onaanvaarbaar; ook enige verdraaiing of misbruik van die heilige Woord van God. Daarom: elke keer wanneer iemand die liefdesgebod buite konteks, en los van sy oorspronklike betekenis, ter ondersteuning van New Age-denkpatrone by die hare bysleep, is dit ons plig om so iemand dadelik reg te help — juis omdat ons daardie persoon as ons naaste liefhet, en nie mag toelaat dat die leuen in hom gedy nie.

Men will never worship God with a sincere heart, or be roused to fear and obey Him with sufficient zeal, until they properly understand how much they are indebted to His mercy.

- Calvin

Gedoop en vervul deur die Gees

C Saayman

Twee sake waaroor daar soms onduidelikheid by gelowiges is, is die doop en die vervulling deur die Heilige Gees, wat ook 'n belangrike saak in alle Pinkster/charismatiese kerke is. Dáár is dit noodsaaklike ervarings om *geheel en al* 'n *werklike* gelowige te kan wees.

Die verwyt word soms voor die deur van gereformeerde kerke gelê: *“Julle preek nie die vollédige Evangelie nie en steek dinge vir lidmate weg. Daarom het lidmate sulke vlak geloofslewens. Daarom manifesteer die gewes van die Gees nie. Daarom dat julle nie die volle gloed het soos wat ons het nie. Óns praat maklik oor Christus, het warmte en blydschap en ywer vir die Koninkryk...Kyk hoe lyk julle: langgesigte / traag om na kerkdienste te gaan / gee nie om vir verlore mense nie / kragteloos. Waarom? Wel, julle glo nie in die doping en vervulling met Heilige Gees nie”*.

Wanneer 'n mens sulke dinge hoor, begin jy ernstig wonder : Is daar nie dalk iets wat ons misloop nie? Is “geloof alleen” dalk *nie* genoegsaam nie? Mis ons nie tóg nog iets van die Heilige Gees nie? Anders sou ons mos ook daardie lewenskrag gehad het wat die Pinksterkerke het?

**Die Nuwe Testament
maak nêrens 'n onderskeid
tussen verskillende
soorte Christene nie.**

Doop deur die Gees

Kom ons bekyk eers die kwessie van die doop met die Gees (nie waterdoop nie). Hoe sien die Pinksterkerke die sg. “doop met die Gees”? Hulle verwys na Handeling 2: Die uitstorting van die Heilige Gees. Dáár is sprake van mense wat alreeds kinders van die Here is en dán die Heilige Gees ontvang. En dan praat hulle in vreemde tale en het groot vrymoedigheid om te getuig.

Dit moet mos vandag net so werk? Ook vandag is daar 2 klasse / soorte gelowiges in die gemeente. Sommige is wedergebore en ken die Here, maar is nog nie

gedoop met die Heilige Gees nie. Ander het ook 'n tweéde ervaring gehad. Hoe het hulle dit ontvang? Hulle het ernstig daarop begin wag en baie daarvoor gebid. En hard geglo en vertrou. Daarby het hulle hul bewuste sondes bely en laat staan. Toe het hulle een of ander ervaring gehad. Die gevolg? Baie meer liefde vir die Here, groot vrymoedigheid, krag om vir Christus te leef, oorwinning oor sondes, en so meer.

Die vraag is: wat sê die Skrif? Die Skrif weet beslis van die doop met die Heilige Gees. Maar wat beteken dit? Een ding is seker: Die Nuwe Testament maak nêrens 'n onderskeid tussen verskillende *soorte* Christene nie. Al onderskeid in die Bybel is tussen geloof en ongeloof, maar nie verskillende soorte *gelowiges* nie – so asof sommige die doop met die Gees besit en ander nie. Dit is regtig 'n onbybelse gedagte.

Verder: Wat presies gebeur in Handeling 2? Dit is Pinkster. Die uitstorting van die Heilige Gees vind plaas. Is dit iets wat só met elke gelowige moet gebeur? Nee, wat hier gebeur is die eenmalige voltooiing van dit wat Jesus eenmalig kom doen het: Geboorte/ kruis/ opstanding/ hemelvaart/ uitstorting van Heilige Gees vorm één eenmalige heilshandeling. Net so min as wat Jesus se opstanding herhaal kan word, net so min kan die uitstorting van die Heilige Gees herhaal word.

Op Pinksterdag is die Heilige Gees eens en vir altyd aan die kerk gegee. Waarom? Sodat elke mens – deur alle eeue heen – wat tot geloof en bekering kom, onmiddelik, ten volle, in die volheid van die Heilige Gees deel kry. Dít is die doping met die Heilige Gees. Dit behels die *ontvangs* van die Heilige Gees.

En, wanneer gebeur dit? Eers 2 jaar nádat jy die Here leer ken het? Nee, op dieselfde tyd wanneer jy Christus ontvang. Wanneer is dit? Die oomblik wanneer jy tot geloof en bekering kom. Die tyd van my geloof in die evangelie is óók die tyd van die doop met die Gees. Dán word jy die tempel van die Heilige Gees. Romeine 8:9: Wie die Gees nie het nie, behoort glad nie aan Christus nie. Die inwoning van die Heilige Gees is werklik die deel van alle gelowiges.

Nou kan ons onmiddelik 1 Kor. 12:13 verstaan. Paulus praat met die gemeente in Korinte in sy geheel. Hy sê: “Ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, ons is almal van een Gees deurdronge”. Kyk die duidelike taal: almal. Bedoelende almal wat aan die Here behoort. Wat is waar van díé “almal”? Hulle is gedoop met een Gees. Glashelder is dit in die Bybel: Doop met die Gees is deelkry aan Pinkster.

**Ons is nie vry van God se toorn as vader nie,
maar vry van God se toorn as regter**

- T Watson

Is dit nie 'n wonderlike boodskap om te hoor nie? Ek, wat volstrek weet dat ek tot geloof en kennis van die Here gekom het, ek is *nie* 'n tweedeklas gelowige nie. Ek hoef nie terug te staan vir sommige superheiliges nie. Ek is gedoop met die Heilige Gees. Dit beteken: Ek hét Hom werklik ontvang. Hy het my ontvang. Ek is deurdronge van Hom – nie fisies nie, maar deur die geloof.

O ja, dalk besef ek dit nie regtig nie. Dalk leef ek nie daaruit nie. Dalk twyfel ek daaraan. Dalk leef ek ongehoorsaam. Dalk akkommodeer ek allerlei onreinheid. Daarom *voel* dit asof ek 'n tweedeklas gelowige is wat ekstra woema nodig het, 'n ekstra stukkie Heilige Gees nodig het. Nee! Ek moet besef en ontdek en glo *wat ek reeds het* en ophou om in ongeloof en in minderwaardigheid te leef. Ek moenie sit en wag vir 'n groot gebeurtenis totdat ek ook 'n gawe ontvang nie. Begin leef uit wat jy ontvang hét!

Vervul met die Gees

Nou kan ons ook verstaan wat *vervul met* die Heilige Gees beteken: Om doelbewus prakties te gaan leef uit dit wat jy reeds ontvang het. DOOP met Heilige Gees = Ontvang Hom in jou lewe. VERVUL met Heilige Gees = Léf doelbewus vanuit Sy volheid. DOOP moet dus onderskei word van VERVUL. Waarom? Omdat die Bybel daarvan praat dat mense wat reeds kind van God is, dus gedoop is deur Heilige Gees, nie noodwendig vervul is nie – Efes. 5:18. Hier word dus van 'n ander aspek van die werk van die Heilige Gees gepraat: vervulling. Wat sou dit kon beteken? Definitief nie iets wat slegs eenmalig plaasvind nie. Die werkwoord (Grieks) dui op 'n aanhoudende handeling. Dus: Paulus sê: “Laat julle voortdurend vervul...”

Dit is ook duidelik 'n *opdrag* wat aan die gelowige gegee word. Dit is die Gees wat dit doen, maar nogtans het die gelowige die verantwoordelikheid om nie die werk van die Gees te blokkeer nie. Gehoorsaamheid word gevra.

As ons die woord “vervul” hoor, dink ons outomaties aan “vol word”. Soos 'n drinkglas wat 'n bietjie water bevat en wat tot oorloopen toe vol moet kom onder die kraan. Dit is hoe sommige mense Efes. 5:18 lees. Ek is 100% 'n gelowige, ek is gedoop deur Gees, maar ek besit nie die Heilige Gees ten volle nie. Slegs gedeeltelik. Ek het nie die volheid van die Gees nie. Soos 'n drinkglas wat nog nie vol is nie. Daarom is my geestelike lewe so mankolk. Daarom swig ek so maklik voor versoekings. Wat ek nodig het: om meer

van die Gees te bekom. Ek moet vervul word en dus *vol* raak van die Gees. 'n Sekere prosedure is nodig om meer van die Gees te kry. Sommige kerke skryf so 'n prosedure voor : 'n aantal aksiestappe wat gevolg moet word.

Elke kerkegroep se voorgeskrewe prosedure lyk anders. Die mees algemene prosedure is : Van harte begin dors en verlang na volheid van die Gees. Dit erg begin soek. Erns maak met die Here. Alle sondes bely. Jou totaal geheel en al oorgee. Sorg dat absoluut niks nie oorgegee is nie. Vat dit dan in geloof.

Vervul beteken egter nie “vol word” nie. Paulus praat met die gelowiges in Efese in wie se lewens die Heilige Gees réeds woon - omdat hulle die Here reeds ken (gedoop met Gees). Die Persoon van die Heilige Gees woon ten volle in hulle. Maar: Nogtans beveel Paulus hulle dat hulle *vervul* moet word met die Gees. Nou wat op aarde sou dit kon beteken? As dit nie beteken dat ek meer van die Géés moet kry nie, wat beteken dit dan?

Dit beteken: Die Gees moet meer van my in die hande kry! Die Persoon van die Heilige Gees woon ten volle in my, maar die vraag is: Hoeveel van my is onder Sy invloed? Hoeveel van my staan onder die Woord (want die Gees werk deur die Woord)? Hoeveel dinge akkommodeer ek in my lewe wat die werk van die Gees blokkeer en Hom bedroef?

**Ek moet besef en ontdek en glo
wat ek reeds het en ophou
om in ongeloof en in
minderwaardigheid te leef.**

Kyk mooi na die beeld wat Paulus gebruik: “Moenie dronk word van wyn nie...” M.a.w: moenie onder drank se *invloed* kom nie, maar kom onder die *invloed* van die Heilige Gees. Dis 'n bevel en iets wat daagliks moet gebeur. Dit is nie 'n kitsreseppie wat ek kan uitpluk om al my geestelike probleme uit die weg te ruim nie. Dit is nie 'n kitservarinkie wat ek gou kan opdoen en wat my vir die volgende 20 jaar op 'n geestelike hoogtepunt sal hou nie. Aanvaar vandag die feit dat die Bybel geen *kitsresep* gee wat van my oornag 'n geestelike volwasse mens sal maak nie. Dit is *nie* die boodskap van die Bybel nie.

Wat is die boodskap van die Bybel? Ek kan/mag/moet myself daagliks oorgee aan die volle invloed/ heerskappy

To believe means that man must not rely on what he is, or can be, or shall be, nor on what he does or can do, nor on what he feels or does not feel, but to rely solely on what Christ has done, is doing and shall yet do - C Spurgeon

van die Heilige Gees wat *reeds* my lewe vul. Ek hoef Hom nie ver te gaan soek nie. Ek hoef my nie 10 dae te gaan afsonder in die berge nie. Ek kan deur die geloof myself beter en beter aan Christus oorgee. Onthou: Die Heilige Gees bind ons aan CHRISTUS. Die ernstige dors en strewe om hefter en hefter aan Christus verbonde te leef elke dag, bring ook meer en meer die Gees se volheid in my lewe sigbaar na vore. Wanneer 'n mens doelbewus ontslae raak van dinge in jou lewe wat die Gees bedroef en jy onderwerp jou aan die Woord en jy glo dat Jesus al jou sondes/mislukkings op Homself neem en aan jou die seën gee wat Hom toekom – dan leef jy onder die Gees se invloed.

Wat is die vervulling? Meer van die Gees kry? Nee. Wel: Hy moet meer van my kry! Hoe? Eenmaal en klaar? Nee: Daaglik. Hoe? Deur myself weg te gee en myself doelbewus onder Sy beheer te plaas. En die gevolg? Hy sál definitief Sy invloed begin uitoefen. Dit is Sy belofte.

Die Bybel en ons begrip van wat goed is

E Viljoen

Ons etiek is Christelik. Dit klink so eenvoudig. Met die eerste oogopslag byna niksseggend in die eenvoud daarvan. Tog sê dit ook weer alles. Dit sê waaroor, beter gesê, oor Wie dit gaan in ons besluite oor wat goed en wat kwaad is. Wanneer ons sê dat ons etiek Christelik is, wil ons daarmee ook laat verstaan Wie die Een is wat bepalend is vir wat vir ons as Christene (en die hele wêreld!) reg en verkeerd is. Ons wil daarmee sê dat wanneer ons op soek is na wat God van ons vra om te doen of te laat of van weg te vlug, begin ons nie met 'n gebod nie. Ons begin met 'n Persoon. Met Christus. Hy is ons Here. Die geboorte kan ons nooit los van Hom en ons identiteit wat ons van Hom kry, verstaan nie. Só funksioneer die Bybel as God se boek aan ons wat ons wil help om te verstaan wat goed en kwaad is.

Die een wat goed is

“Goeie meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” (Matt. 19:17). Met hierdie vraag kom die ryk jongman na Jesus. Hy wil graag die ewige lewe hê. Tegelyk weet hy dat die ewige lewe nie los staan van die goeie wat ons hier op aarde doen nie. Die goeie moet heel konkreet word. Daarom verwys die

Here Jesus hom dan ook na die goeie geboorte van die goeie God. Dit is net God alleen wat goed is. Dit is so belangrik vir ons verstaan van wat die Bybel se verstaan is, van wat goed en kwaad is.

Die goeie geboorte van God sal ons kan laat sien wat goed is. Dit is egter ook nie die einde van Jesus se antwoord aan die ryk jongman nie. Die geboorte kan net verstaan word in hulle verhouding tot Jesus self. Volmaaktheid kom nie deur nét na die geboorte alleen te kyk nie. Die jongman vra self wat hy nog kortkom nadat hy die geboorte gehou het van sy jeug af (Matt. 19:20). Dan tree Jesus self as Wetgewer na vore: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier en volg My” (Matt. 19:21).

Christus wil dat hy sal verstaan wat goed is, deur hom eers 'n nuwe identiteit te gee.

Lewe met die goeie God

Die goeie van God wat gedoen moet word, lê nie in die geboorte self nie. Dit lê in God. Nader omskryf - dit lê in Jesus self wat die goeie God is wat tot by ons gekom het. Daarom moet Hy nagevolg word. Hy is inderdaad die Meester wat ons leer wat goed is. Vir die ryk jongman word die goeie geboorte glashelder, wanneer dit verstaan word in dit waartoe die Here Jesus hom oproep. Hy moet alles gaan verkoop en Jesus in sy armoede op pad na die kruis volg.

Die Here Jesus wil hê dat ons noukeurig sal nadink oor wat goed is. Ons kan en mag nie as Christene leef met 'n “reëlboek” nie. Ons het met Iemand te doen wat self goed is! Die goeie weg wat ons moet volg wat uitloop op die ewige lewe is Jesus Christus self. God se genadige goedheid wys die weg van 'n goeie lewe. Lewe vanuit God se goedheid. Die goeie lewe wat die Here van ons vra, is 'n lewe met Hom. Daarvoor gaan dit. Die goedheid in ons lewens moet iets weerspieël van God se goedheid. Ons moet volmaak wees soos ons hemelse Vader volmaak is (Matt. 5:48). Dit is wat dit beteken om beeld van God te wees.

Ons moet in ons doen en late 'n afbeelding wees van God se goedheid, volmaaktheid, heiligheid, barmhartigheid en lankmoedigheid. Dit is waarom ons nie beelde mag maak van wat bo in die hemel is nie. God

Morality does not qualify as biblical obedience unless it springs from the fear of God – from a reverential awe of who He is and what He has done for us.

- J Bridges

is die Een wat beelde maak. Hy maak ons as die “draers” van sý beeld. Ons lewenswandel moet heilig wees, want God is heilig: “Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 1:16).

Méer as gebod, vóór die gebod

Ek vind dit (in die Skrif!) ontsettend belangrik dat daar eers iets met ons moet gebeur voordat ons enigsins die gebooie van die Here in ons lewe kan toepas en gebruik. Is dit nie ook presies wat die Here Jesus vir die ryk jongman wil sê nie? Die jongman begin met die gebooie wat hy gehou het vandat hy jonk was. Presies dáár lê egter die probleem. Christus wil dat hy sal verstaan wat goed is, deur hom eers ‘n nuwe identiteit te gee.

Die ryk jongman moes sy foto op sy identiteitsdokument wat vanuit die wet bepaal was, inruil vir ‘n nuwe identiteitsdokument. Daarsonder kan hy nie goed doen nie! Hy moes raakgesien (herken) word, nie as iemand wat die wet onderhou nie, maar as volgeling van Jesus Christus wat as arm, verworpe Middelaar, op pad is na die kruis. Juis dan word goeie invulling gegee aan die gehoorsaamheid van die Wet. Net soos wat die identiteit van Israel nie bepaal is deur die tien gebooie op die kliptafels in die eerste plek nie. Die Here gee nie die tien woorde op die kliptafels in ‘n lugleegte vir hulle nie. Vóór die gebod, is daar iets veel meer.

**Ons etiek is nie
'n gebooie-etiek nie, maar 'n
Christelike etiek**

Hulle identiteit word bepaal vanuit die Here hulle God wat hulle uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het. Die heerlijkheid van die Here het weer oor hulle kom skyn! Wanneer Moses van die berg kom, sien die volk weer hierdie heerlijkheid van die Here wat van Moses se gesig afgeskyn het. Dit was vir hulle verblindend. Maar daarin lê wel hulle identiteit.

Moses self verwoord dit heel aangrypend as hy vir die volk intree nadat hulle daar by die berg met die goue kalf gesondig het. Wanneer die Here vir Moses en die volk beveel om na die beloofde land op te trek met die gebooie, maar dat die Here self nie in hulle midde sal optrek nie, ween die volk (Eks. 33:1-4). Hoe kan hulle met 'n ark en die kliptafels verder, as die Here self nie by hulle is nie? Sy heerlijkheid moet by hulle wees.

Sonder die Here se teenwoordigheid by hulle, het hulle met kliptafels en al net soos enige van die ander volke geword. Daarom bid Moses tot die Here: “As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie” (Eks. 33:15).

Dit is onmoontlik om op die weg van die Here se gebooie te gaan, sonder die Here self. Hy bepaal ons identiteit. Sy genadige teenwoordigheid by en in ons is ons identiteit. Hiermee raak ons aan só ‘n belangrike aspek van ons lewe met ons Verbondsgod. Ek kan ‘n kind van hierdie verbondsgod wees, sonder dat ek eers sy gebooie begin gehoorsaam het. Hy máák my eers sy kind. Die Here bevry eers vir Israel uit slawerny, en gee dán sy Wet aan hulle as identiteitsmerker. Die omgekeerde kan egter nóóit waar wees nie. Dit is onmoontlik om op die weg van God se gebooie te gaan, sonder dat ek ‘n nuwe identiteitsdokument uit God se genade alleen gekry het. Méer as die gebooie, nl. God self in sy genade, gaan vóór die gebooie.

God leer ken

God se wil vir ons lewens sal onduidelik bly, as ons daarom nie die hele Bybel wil lees nie. Ons is vir die verstaan van wat reg en verkeerd, goed en kwaad is, nie net van God se gebooie afhanklik nie. Die gebooie word “verpak” binne ‘n pragtige genadegeskiedenis wat die Here met sy kinders gaan. Om te verstaan wat die goeie en volmaakte wil van die Here vir sy kinders se gehoorsaamheid is, moes hulle (en ons!) denke eers vernuwe word. Wil ons nie aan hierdie sondige wêreld gelykvormig word nie, moet ons eers verander word. Deur die vernuwing (van ons gemoed) wat plaasvind, kan ons dan ook die volmaakte wil van God vir ons lewe ontdek (Rom. 12:1-2).

Die duidelike wil van die Here lê daarom nie in die gebooie van God per sé nie. Ons etiek is nie ‘n gebooie-etiek nie, maar ‘n Christelike etiek. Dit word bepaal vanuit Christus. Hý is God se volmaakte reddingswerk in die laaste dae vir ons. Ons verstaan van goed en kwaad sal daarom in menigte opsig nie gevorm word deur die gebod van God nie, maar deur te let op wie en hoe God is in Christus Jesus. Om Hom te kan ken is tog die lewe!! (Joh. 17:3).

Dit sal ons verstaan van God se wil vir ons lewe verhelder as ons weer die woorde van Calvyn reg aan die begin van sy Institusie wil ernstig opneem. Calvyn skryf: “Byna die volle eindtotaal van ons wysheid, ... bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onself”. Wysheid oor wat reg en verkeerd is, begin nie by die

**Geloof alleen regverdig ons, maar
regverdigende geloof is nooit alleen nie**

– T Watson

die gebooië nie, maar by God en wie ons is in ons verhouding tot God in Christus.

As God se wil in die Bybel vir ons verstaanbaar is, sal dit wees nadat ons dan ook meer as net die wet lees. Ons sal begin by Genesis om God te leer ken as Skepper en ons sal let op Openbaring 22 waar ons die voleinding van die wêreld in perspektief kan begin kry. Is dit nie wat die Here self ons leer wanneer Hy sy wil vir sy volk t.o.v. die Sabbat, terugneem na die geskiedenis van die Here self met sy skepping. Hy het ses dae gewerk en die sewende gerus. Die geskiedenis van God se werke vorm die basis vir sy gebooië aan ons. Vir verstaanbare etiek, het ons die duidelike inhoud van die hele Bybel nodig.

Die begin van die liturgie

H Walinga

Laat ons maar by die begin begin. Ten minste ... by die amptelike begin. Nie-amptelik behoort dit vroeër as half-tien of vyf-uur te wees, naamlik by die huis. Saterdagavond of Sondagoggend voor die erediens. Liturgie begin al by u gebed voor die erediens. Ons noem dit persoonlik liturgie. Die persoonlike liturgie, hoewel dit van groot belang is, val egter buite ons bespreking.

Die handdruk

Die begin dus. Die orrel swyg, die rumoer in die kerk raak weg en die mannebroeders kom binne. Hulle maak 'n draai na links, behalwe die laaste twee wat regs draai. Die voorste van die twee, die diensdoende ouderling, draai om en gee die voorganger 'n handdruk. Laasgenoemde beklim die preekstoel en die diensdoende ouderling voeg hom by die res van die kerkraad. As kind het ek my altyd afgevra of die ouderling dalk saggies iets vir die dominee sê, terwyl hy hom 'n hand gee: "Sterkte, dominee," of so iets.

Hoekom die handdruk? Amptelik is daar nêrens iets vasgelê dat die dominee 'n handdruk moet kry nie. In die Bybel word daar nie oor gepraat nie en ook die kerkorde en die belydenis gee geen voorskrif hieroor nie. Dit het 'n gewoonte geword, waarvan die betekenis later ingevul is. Die oorsprong blyk te wees in die tyd van die hagepreke, aldus ds. Joh. Francke in 'n artikel in die tydskrif „Dienst“. In hierdie tyd het die mense êrens in die geheim bymekaar gekom. Die organiseerders van so 'n diens het 'n voorganger

uitgenooi. Nie elke "gemeentelid" het hierdie voorganger geken nie. Daarom het een van die organiseerders hom 'n handdruk gegee, waarmee hy wil sê: "Dit is hierdie man, alles is reg."

Vandag het die handdruk 'n wyer betekenis wat egter nêrens kerklik vasgestel is nie: die kerkraad, as "regerende orgaan" gee die voorganger die mandaat om die tug uit te oefen, om die gemeente te vertrou, te vermaan, te leer en op te skerp. Al hierdie take kry hy op daardie oomblik om dit uit te voer by die voorgaan in die diens van die Woord en die gebed. Hierdie handdruk is dus nie net 'n soort van "sterkte" of die simboliese begin van die erediens nie. Hier word 'n verantwoordelike taak op die skouers van die predikant gelê.

Die handdruk beteken meer as net 'n gebaar. Daarin kan u die sorg van die Here vir sy Kerk ontdek.

Ons het by die begin begin, maar ek moet tegelykertyd ook iets sê oor die einde. Aan die einde van die diens kry die predikant weer 'n handdruk. Of eintlik is dit andersom. Die diensdoende ouderling kry 'n handdruk van die predikant. Daarmee gee hy die taak weer terug aan die hele kerkraad. 'n Mooi begin en 'n pragtige einde van die erediens. Die handdruk beteken meer as net 'n gebaar. Daarin kan u die sorg van die Here vir sy Kerk ontdek. Sorg vir sy gemeente op aarde. Dit het Hy toevertrou aan mense soos u en ek. Mense wat beloop het dat hulle na die gemeente sal omsien, wat daarop sal let dat die kudde geen gevaar loop nie.

Hulle het baie take: bewaak, beskerm, meelewe, vermaan, opskerp, leer. En al die take word deur die handdruk aan die begin van die diens, vir die een-en-'n-halfuur, op die skouers van een man geplaas. Ons mag dit gerus 'n swaar taak noem. U moet baie bid vir die man. Hy het dit regtig nodig.

Mededelings

Die dominee beklim die preekstoel en lees – so gaan dit in baie kerke – 'n paar mededelings van die kerkraad voor. Daarna kom die votum en seëngroet. Daar word verskillend gedink oor die feitlike begin van die erediens. Daar is mense wat meen dat die diens begin by die handdruk. Ander dink eerder dat dit begin wanneer die votum uitgespreek word. Dit lyk vir my logies en ook liturgies korrekter om die begin van die erediens te lê by

Die koning moet die bedelaar meer liefhê as sy troon

– M Luther

die votum. Dit is die vasstelling dat ons in ons hele lewe en in die besonder in die erediens, afhanklik is van ons hemelse Vader. Daarna groet die Here sy gemeente, en daarmee is die ontmoeting 'n feit. Om dit duidelik te maak, sou dit miskien aanbeveel kon word om die mededelings van die kerkraad eers te lees en om die predikant daarna met 'n handdruk die preekstoel op te laat gaan, waarna die votum en seëngroet volg.

Dit sou, aan die ander kant, dalk interessant wees om daarvoor te dink of die mededelings 'n plek in die erediens moet hê. Dit lyk dalk na 'n vraag van puur organisatoriese aard, maar daar is meer agter. Word die karakter van die erediens ook bepaal deur die ontmoeting van mekaar as gemeentelede? Of dra die erediens net die karakter van die ontmoeting van God met sy volk en dus nie van die volk onderling nie? As ek dink aan die begrip "gemeenskap van die heiliges" wat in die erediens duidelik word in die konkrete samekoms, dink ek dat ons gerus mag sê dat ook die onderlinge ontmoeting goeie aandag mag kry. Een ding is wel duidelik en dit is dat mededelings oor gebeurtenisse in die gemeente soos siekte of geboorte nie in die gebed tuis hoort nie. Dit is beter om voor die voorbede, die gemeente te vertel waarvoor daar aandag gevra sal word in die gebed.

**Hier word jy gegroet
deur iemand
wat jou volmaak liefhet,
wat jou gemaak het.**

Votum en seëngroet

Elke orde van diens begin met die votum en seëngroet. Die voorganger sê dikwels: "Verhef u harte tot God." Hy bedoel natuurlik nie daarmee dat ons moet gaan staan nie, dan sou die "verhef" nie meer as 40 tot 50 cm inhou nie. Dit sal daarom beter wees as 'n predikant dit eers sê wanneer die gemeente alreeds staan. Dit is goed om in die erediens te besef wat dit beteken om ons "harte tot God te verhef": ons mag voor die troon van God gaan staan, ons mag as klein mensies sonder krag en invloed, in gedagtes na die Almagtige gaan. As ons dit besef, dan soek ons nie solank die volgende psalm in ons psalmboek op nie. Voor die troon van die Almagtige gaan jy nie staan en rondblaai nie.

Votum is 'n Latynse woord. Dit beteken 'gelofte' en is afkomstig van die eerste deel van die gebed wat die priester uitgespreek het. Die gebed het begin met die

trinitariese formule: "In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees." In die kerklike gebruik het dit later meer 'n belydenis geword. In navolging van Calvin het die kerke na die Reformasie die duidelike belydenis uit Psalm 124 gebruik: "Ons hulp is in die Naam van die Here, wat hemel en aarde gemaak het." In sommige ou ordes van diens is die votum soms bede genoem: 'n belydende gebed, waarin die gemeente haar vertroue op die guns van die Here uitspreek. Dit is op sigself baie mooi, maar oorspronklik was dit nie die bedoeling nie.

Na die votum volg die seëngroet. God, die Almagtige, groet sy gemeente. Weereens: dit is goed om te besef wat hier eintlik plaasvind! Nie soos wat ons dit soms deurgee: "O ja, die en die stuur groete" nie. Nee, hier word jy gegroet deur Iemand wat jou volmaak liefhet, wat jou gemaak het. Daar word soms gevra hoekom die predikant by die seëngroet een hand en by die seën aan die einde twee hande ophef. Die woordkeuse dui dit al aan. Aan die begin is dit 'n groet en aan die einde van die diens is dit 'n seën.

As afsluiting nog een ding: ons sien dat daar tydens die seën verskillende houdings in ag geneem word. Sommige gemeentelede sluit hul oë sowel by die votum as by die groet en die seën. Dit is volgens my nie die bedoeling nie. Ons maak ons oë toe by 'n gebed, maar daarvan is hier, ook by die votum in die betekenis van gelofte/ belydenis, van oorsprong nie sprake nie. Veral by die seën aan die einde van die diens, is dit belangrik om met al jou sintuie "daarby" te wees. Want met hierdie seën gaan ons weer huis toe, om daar met die inset van "ons hele verstand en al ons kragte" die Here lief te hê en Hom te dien.

Die nood van Jerusalem (Nehemia 1)

C van den Berg

Agtergrond

Die boek Nehemia bring ons in die tyd na die ballingskap. 'n Kort eeu nadat die Israëliete uit die verstrooiing na Kanaän teruggekeer het.

Die terugkeer van die Israëliete het in verskillende fases geskied.

- Die eerste groep keer 538 voor Christus terug. Dit staan onder leiding van Serubabel en Josua.. By

**Faith is a living and unshakable confidence,
a belief in God so assured that a man would die
a thousand deaths for its sake**

- M Luther

die groep behoort die profete Haggai en Sagaria, met hulle boodskap oor die bou van die tempel.

- Tagtig jaar later, in 458 voor Christus, kom 'n volgende groep onder leiding van Esra. Esra is 'n priester en skrifgeleerde en kom om sy werk in Jerusalem te doen.
- Nehemia kom in 445 voor Christus na Jerusalem en begin omtrent 13 jaar na die koms van Esra met die werk wat vir hom bedoel was: die heropbou van die mure van Jerusalem.

Ons is nou amper 'n eeu later vandat die eerste groep uit ballingskap teruggekom het. 'n Nuwe begin met 'n nuwe Israel, 'n nuwe tempel en 'n nuwe Jerusalem. Honderd jaar is byna verby waarin 'n mens baie kan bou, maar ongelukkig is daar in Jerusalem nog byna niks gebou nie. Nehemia 1 vertel ons meer hieroor.

Familiebesoek uit Jerusalem (Vers 1 - 2)

Die begin neem ons na die vesting Susan. Hoekom heeltemal na Susan? Kan daar uit Susan iets goeds vir Jerusalem kom? Dit is dan so ver.

Susan is die middelpunt van die regering van die Medies en Persiese ryk. Dit is waar Jode ook gewoon het. Hulle is as ballinge daarheen gedryf, soos diere was hulle aangejaag. Baie het daar gebly. En dan nie slegs toe die eerste groep vertrek het nie, nee, ook met die tweede groep se vertrek het hulle gebly. Daar kon verskillende redes hiervoor gewees het. Byvoorbeeld dat die wil ontbreek het, omdat dit daar goed was. Dit kon ook wees dat hulle nie weg kon gaan nie en dat hulle daar vasgehou is.

Nehemia woon ook in Susan. Hy werk aan die koninklike hof en beklee 'n belangrike pos. Hy is een wat die naaste aan die koning werk: Skinker van die koning – Nehemia 1:11.

Dit lyk op die oog af na 'n eenvoudig werk. Die titel dui aan dat hy die koning se vertroueling is. Nehemia gee leiding aan 'n belangrike onderdeel van die daaglikse hoflewe. Bowendien is hy die laaste skakel na die koning toe. 'n Top amptenaar in die regeringsmiddelpunt van die wêreld.

So terloops, meer as een keer sien ons belangrike en vertrouensmanne in die Bybel. Ek dink aan Daniël en sy drie vriende. Ook kan ons dink aan Mordegai in die boek Ester. Een vir een kry die Jode belangrike poste by 'n wêreldleier.

Nehemia word deur sy familie besoek. Hanani, een van sy broers, kom hom saam met 'n paar ander manne besoek. Hulle kom direk van Juda af. Dit is 'n lang reis. Dit word nie sommer onderneem nie. Doelbewus soek Hanani sy broer op. Nehemia is iemand wat kan help.

Liefde vir Jerusalem (Vers 2b - 3)

Jy weet hoe dit gaan tydens 'n familiebesoek, veral as 'n mens mekaar 'n lang tyd nie gesien het nie. Daar is baie om oor te praat en te vra: "Hoe gaan dit met die of die?". So sou dit waarskynlik gegaan het. Daarvan lees ons niks nie. Ons lees nie 'n familieroman nie. Die boek Nehemia kom van God. Ons lees wel die vraag "Hoe gaan dit met die Jode, die vrygeraaktes, die wat teruggegaan het na Juda? Hoe staan sake met Jerusalem?"

Nehemia doen navraag na die volk van God en na die stad van God. Hy dink veral daaraan. Dit het sy hart besit. Dit kom 'n mens agter uit sy vrae, en sodra jy verder lees uit wat Nehemia vir die Jode en Jerusalem doen.

Nehemia verneem hoe die stand van sake aangaande die stad van God is. Die inwoners verkeer in smaat en groot ellende. Die mure van Jerusalem is in 'n toestand, vriend en vyand loop net in. Daar is geen poort wat hulle keer nie. Diep ellendig. Die werk aan Jerusalem kan net nooit vorder nie. Mense uit die omgewing werk alles teë. Wat opgebou word, breek hulle weer af. So word die lewe versuur.

Tenminste, as 'n mens nie met hulle saamstem nie. As jy graag jou identiteit as volk van God wil behou. Hulle maak 'n mens stukkend met woorde en dade. Diep ellendig. Geen nuwe Jerusalem. Geen veilige Jerusalem. Geen vrede vir Jerusalem nie.

Wie ken nie Psalm 122 nie?

*"Bid om die vrede van Jerusalem
mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!
Mag daar vrede wees in jou skanse,
Rus in jou paleise"*

Rus vir wie? Vir niemand nie! Is dit tuis wees by God? Wat Nehemia ook al verwag het, dit het hy glad nie verwag nie. Dit is vir hom 'n verskriklike slag. Nehemia is stukkend geslaan. Om regop te bly staan en gewoon aan te gaan, dit kan hy nie meer doen nie. Hy het gesit en geween, dae lank. Dit wil net nie ophou nie, kort-kort kom dit in sy gedagtes op. Dan huil hy weer. Om gewoon aan te gaan met jou werk, dit is onmoontlik.

Ons kan niks na God toe bring nie
behalwe ons loutere skande en hulpeloosheid en gebrek.

- J Calvyn

So kan dit gebeur - God kan so werk in die lewe. Deur jou familie wat jou besoek. Deur een mens na 'n ander. Om die belangrikste te vertel wat daar is om te vertel, om te vertel hoe dit met die volk en die stad van God gaan. Met die doel om die hart te tref, om 'n mens diep te raak en jou heeltemal in beslag te neem. Dit gaan hier immers oor die werk van God vir Sy volk en Sy stad. Daarvoor lewe jy! Om bly te wees met die kerk as die Here dit daar goed laat gaan. Om saam hartseer te wees oor die kerk wanneer alles daar verkeerd gaan en net 'n puinhoop oorbly.

Verdriet oor Jerusalem (Vers 4)

“en ek het gevas en gebed voor die aangesig van die God van die hemel”

Vas ken ons nie eintlik meer vandag nie. In die Ou Testamentiese tyd was dit voorgeskryf op die Groot Versoending. Levitikus 16 : 29 – “verootmoedig” beteken daar “om te vas”. In die Nuwe Testament is daar geen voorskrifte om te vas nie. Tog het mense baie meer gevas as net op die Groot Versoending. In die Nuwe Testament is daar nog steeds mense wat vas. Nehemia was so hartseer dat sy eetlus selfs weg was. So het dit gebeur in Nehemia se geval.

En by Nehemia het dit nie net gegaan oor vas nie, maar ook oor die gebed. 'n Bekende kombinasie. Jy vas om op die gebed te konsentreer en om jou volkome daaraan te wy. Dit neem jou heeltemal in beslag. Selfs dag en nag – vers 6:

“wat ek vandag voor U aangesig bid, dag en nag, vir die kinders van Israel”

Bid vir Jerusalem (vers 5 tot 10)

Bid, dit is die eerste wat Nehemia doen. 'n Mens lees in hierdie Bybelboek oor 'n reusagtige werk, naamlik die heropbou van die mure van 'n stad. 'n Enorme werk en dit onder moeilike omstandighede. En dit begin met gebed! Want God moet dit doen van begin tot einde. Hy hou alles in Sy hande. Nie ons nie. Ons het nie eens beheer oor onself nie, laat staan oor iemand anders met alle omstandighede daar omheen.

Nehemia bid. Dag en nag. Dag in, dag uit. Hy gaan met alles na God toe, om dit voor Hom neer te sit. Om alles in Sy hande te lê. Homself ook.

Ons weet presies wat hy gebed het. Dis 'n baie leersame gebed. Let op die eerste vraag, die eerste bede.

Nehemia vra:

“laat u oor tog opmerkzaam en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u kneg” (Vers 6)

Hy vra spesiaal hiervoor. Dit is nie vanselfsprekend dat God na jou omsien en luister nie. Dit is 'n guns. Net al die feit dat God hoegenaamd aan jou aandag gee! Dan noem ons nog nie eers dit wat jy gaan vra nie. Sien vers 11, hier lees ons weer iets soortgelyks:

“Ag Here, laat u oor tog opmerkzaam wees op die gebed van u kneg en op die gebed van u knegte, wat verlang om u Naam te vrees; en laat dit tog vandag u kneg geluk.”

Hier is aandag vir Nehemia se plan. Maar aan die begin, in vers 6, was ons nog nie so ver nie. Daar gaan dit uitsluitend oor die gebed. Jy begin deur jou mond oop te maak en dinge vir God te sê. Daarna eers vra jy of God na jou wil omsien en na jou wil luister. Dit is nie vanselfsprekend nie. God kan Sy gesig wegdraai. Hoekom sal Hy luister? Omdat jy vir Hom die moeite werd is? Omdat God jou nie sommer kan verbygaan nie? Die nederigheid en onwaardigheid is tasbaar. (Vers 5):

“Ag Here, God van die hemel”.

God woon in die hemel. Dit is Sy Paleis. Dit is nie daar waar ons 'n plek gekry het nie. Nie in die heerlike “wêreld” daarbo nie. Nee, ons is hier onder op die aarde op ons plek. Aan die voetbank van God (Jes. 66). Op aarde, die aarde so groot soos 'n speldekoppie in die heelal. Hoekom sal die God van die hemel aandag aan ons skenk?

“Grote en gedugte God”.

God is nie ons portuur nie. Hy is iemand waarvóór ons nie kan bestaan nie. Ons het geen voet om op te staan nie. Hy is gedug, vreesbaar is Hy. Om te mag bid, is op sigself 'n voorreg, afgesien van wát ons mag bid.

Om guns te vra is nie dieselfde as om 'n kans te vat nie. Jy praat nie met 'n wispelturige karakter nie. 'n Diktator wat sal weier as hy in 'n slegte bui is nie. Nehemia vra guns van die God van die verbond:

“grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou.”

Nehemia ken Hom. Hy weet waar hy staan met God. Nie wisselvallig nie, maar goedertieren is Hy. Wat Hy sê, dit doen Hy. Hy is heeltemal daarop ingestel om Sy beloftes na te kom. Hy het belowe om te hoor en

**Die stryd vir ons Sondae word gewoonlik gewen of verloor
in die voorafgaande Saterdagmiddag**

- JI Packer

diegene te help wat Hom liefhet en Sy gebooe bewaar. Begin dus om in vertroue Sy seën te vra, omdat God trou is, nie omdat jy dit waardig is nie.

Skuldbelydenis (vers 6b - 7)

Sy eie onwaardigheid kom sterk uit in die res van die gebed. Nehemia bely sy sondes in vers 6 en 7.

“terwyl ek die sondes van die kinders van Israel bely wat ons teen U gedoen het; ook ek en my familie het gesondig”

Hierdie skuldbelydenis is baie leersaam. Ons staan so gou stil by ons eie, persoonlike lewe. Dit moet seer sekerlik aandag kry. Dit kry ook by Nehemia die nodige aandag.

“terwyl ek; ook ek en my familie het gesondig”

Nehemia haak nie vas by homself nie. Hy is nie individualisties nie. Hy is ook 'n Israëliet. Ook sy volk word genoem, die volk Israel. Hy is een van hulle.

Die skuldbelydenis is nie uit plig nie. In vers 7 hoor ons hoe swaar die saak op sy hart lê.

“Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U, en ons het die gebooe en insettinge en verordeninge wat U aan Moses, u kneg, beveel het, nie gehou nie”

Swaar en baie sondes. Om te mag werk aan 'n Nuwe Jerusalem, word dan heeltemal 'n groot geskenk. Onverdiend. Tasbaar is die kleinheid, nederigheid en onwaardigheid om te mag werk aan die Nuwe Jerusalem - 'n wonderwerk.

'n Seën vra vir Jerusalem

Nehemia vra of sy plan mag geluk. Vers 11 sê:

“en laat dit tog vandag u kneg geluk; en verleen hom barmhartigheid voor die oë van hierdie man”

God moet 'n plan seën, anders sal dit nie slaag nie. God moet die koning se hart sag maak en hom gunstig stem, om die plan van Nehemia in goeie grond te laat val. God buig die hart van die grootste man, soos wat 'n kind sy waterstroompie in die sand verbuig (Spreuke 21:1). Al wat jy nodig het, is God en verder niemand nie.

Van Sy seën is alles afhanklik. So staan dit in die slot van vers 11.

Maar voor dit staan nog iets anders. Die gebed om God se seën hang nie los in die lug nie. Nee, dit staan op vaste grond. Vers 8:

“Dink tog aan die woord wat U aan Moses, U kneg, beveel het,”

Nehemia doen 'n beroep op wat God self vroeër gesê het. Hy wys op twee dinge:

1. God het voorheen duidelik gewaarsku. Hy het gedreig met ballingskap. Hy het gedreig met verstrooiing onder die volke wanneer hulle hoereer!
2. Ook het God vroeër iets mooi belowe. By bekering sal ook terugkeer na Jerusalem plaasvind. Waar ook al vandaan.

God het Sy woord nagekom. Met Sy groot krag en sterk hand. Ondenkbaar!

Stel jou die volgende voor. Strooi 'n houertjie vol sout op 'n mat uit en probeer dan om al die sout terug te kry. Onmoontlik – dit werk nie. So was die Israëliete verstrooi onder die volke. Opgelos – weggeraak tussen al die ander volke.

Tog het God hulle weer verlos. Soos Hy belowe het. Hulle is terug in Juda, in Jerusalem!

Sou hierdie werk van God nou weer afgebreek word?

Sou dit wat God belowe het net gedeeltelik waar word?

Dit gaan immers oor Israel en Jerusalem? Oor die volk, die stad en Naam van God? Oor die plek waar Sy Naam woon? (vers 9)

Hieraan hou Nehemia vas. Hy pleit by God op Sy beloftes. Meer om aan vas te hou as dit, bestaan nie. Meer is ook nie nodig nie. Daarin lê jou krag wanneer jy bid. Wanneer jy na jouself kyk, kan jy net jou kop laat sak in skaamte. Wanneer jy na God kyk, dan mag jy hoop. Dan het jy 'n houvas. Hy het dit belowe. Dit is Sy eie werk. Dit gaan oor die Naam van God.

(Met dank aan M Eefting vir haar bydrae met die vertaling)

The essence of idolatry is the entertainment of thoughts about God that are unworthy of Him

- A Tozer

Visie op die kind

H Messelink

Ek en my vrou versorg binne ons kerklike gemeente soms 'n aand vir ouers oor opvoeding. Dit is altyd boeiend. Ons merk op daar bestaan by ouers 'n groot behoefte aan geleenthede om ervarings oor die opvoeding van hul kinders met ander ouers te deel. 'n Onderwerp wat altyd aan die orde kom, is jou opvatting oor kinders. Watter wesens is dit? Hoe ontwikkel hulle? En op watter manier werk jou visie op kinders, in jou opvoeding deur?

Oor hierdie vrae is reeds baie geskryf. In hierdie bydrae konsentreer ons net op een aspek van die onderwerp, naamlik die vraag: waaroor gaan dit as die kind opgroeï om die spontane ontwikkeling en ontplooiing of om die vorming van buite af? Ons bedoeling hierby is om die lig van Gods Woord op hierdie aspek te laat skyn. En ons wil afsluit met 'n kort toespitsing op die geloofsopvoeding.

Ontwikkeling

“Alles is goed soos dit uit die hande van die Outeur van die dinge kom, alles ontaard in die hande van die mens”. Met hierdie beroemde sin begin die Switsers-Franse pedagoog Rousseau (1712-1778) sy boek Emile. En baie mense het dit nagesê. Totale visies op die opvoeding is hierop gebaseer. Die kern van die visie is 'n groot vertroue in die natuurlike moontlikhede wat die kind by sy geboorte gekry het. As die kind in die wêreld kom, is hy in aanleg reeds volledig. Die beeld van die knop wat tot 'n blom ontwikkel of van die saadjie waaruit 'n plant groei, is hier op sy plek.

**Mense maak geen kinders nie,
maar God
skep die menselike lewe**

Om op te voed, is tuinierswerk en die opvoeder is 'n tuinier. 'n Goeie tuinier bestee baie sorg aan sy plante. Hy bewerk die aarde, besproei en bemes op die regte tyd. Hy probeer om die mees gunstige omstandighede vir sy plante te skep, sodat daar later van tyd mooi blomme sal bloei. Maar ... hy kan nie rêrig beïnvloed nie. Wat uit die knop en die saad te voorskyn kom, lê reeds vooraf vas.

So is dit met hierdie soort visies oor die kind ook. Die kind word beskou as van nature goed, toegerus met groot moontlikhede. Uiteraard moet die kind goed versorg word en jy sal ook probeer om 'n opvoedingsklimaat te skep waarin die kind hom veilig en geborge voel, sodat hy hom optimaal kan ontplooi, maar jy kan hom nie regtig beïnvloed nie. Daar kan net uitkom wat van nature reeds daarin is.

Pedagogies gesien, gaan dit hier om 'n pessimistiese kyk op die opvoeding. Sonder opvoeding word die kind nie groot nie, maar om op te voed is nie van die uiterste belang nie en volgens sommige outeurs selfs 'n misverstand. Deurslaggewend is die spontane, individuele ontwikkeling van die kind self. Gun die kind die vryheid om homself te ontwikkel en te ontplooi. Dan sal dinge reg uitwerk. Hierdie kindbeskouing is dus optimisties.

Vanuit laasgenoemde visie staan die behoeftes, belangstellings en moontlikhede van die kind in opvoeding en onderwys sentraal. Kinders leer eers regtig as daarop gekonsentreer word. Die kind bepaal veral self wat hy uit opvoeding en onderwys put. In Nederland ontmoet jy hierdie visie op die kind steeds weer en in die laaste jare in Suid-Afrika ook.

Toerusting

Teenoor hierdie (naturalistiese) beskouing van die kind staan 'n visie waarin juis die teendeel beweer word. By hierdie visie kan jy die kind byvoorbeeld met 'n blanko papier of 'n leë vat vergelyk. Wat op daardie papier geskryf sal word of wat in daardie vat gegiet sal word, word nie deur die kind bepaal nie, maar deur die opvoeding of deur ander invloede van buite af. Of 'n mens kan dit vergelyk met 'n ongevormde klip of 'n klomp klei. Die opvoeder is dan die beeldhouer en boetseerder. Die kerkvader Chrysostomos (ongeveer 344-407) het reeds gesê: die ouers moet soos beeldhouers werk om die kind geleidelik die bedoelde vorm te laat kry.

Hier kry ons dus weer 'n pessimistiese visie. Van vertroue in die spontane ontwikkeling van die kind is geen sprake nie. Om op te voed is nie net om te begelei en te help nie, maar veral om toe te rus. Dit beteken ook om verkeerde dinge in die kinderlewe weg te snoei en by te skawe. Alleen dan kan daar volgens Chrysostomos kampvegters vir Christus opgroeï. Binne die pedagogie handel dit hier om 'n optimistiese visie op die opvoeding. Ook al is die opvoeding nie almagtig nie, tog kan 'n mens - as dit goed gedoen word - baie ver kom met die

**Geloof moet nie op werke gebou word nie,
maar werke moet op geloof gebou word**

- T Watson

vorming van die beeld wat jy van die kind wil maak en van die voltooiing van daardie blanko papier. Dus: laat ons skole bou, dan kan ons die gevangenis afbreek.

Opvoeding 'n misverstand? Nee wat, om op te voed beteken om die hande uit die moue te steek en deskundig aan die werk te gaan. Verseker kry jy dan 'n positiewe resultaat.

Wat sê die Bybel?

Die Bybel laat daarvoor geen twyfel bestaan nie dat dit God self is wat 'n kind skep. Kyk byvoorbeeld Psalm 139 vers 13: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef". Mense maak geen kinders nie, maar God skep die menslike lewe. En dit nie onbepaald en algemeen nie, maar as 'n persoon. Kyk maar vers 16: "U oë het my ongevormde klomp gesien". My ongevormde klomp, die begin van Dawid. 'n Spesifieke individu, nie een van baie identiese blanko blaaie van 'n skryfblok nie. Dit gaan oor 'n unieke persoon wat nie net in die wêreld kom met algemeen-menslike vermoëns en moontlikhede nie (byvoorbeeld die moontlikheid om 'n taal te leer praat), maar met individuele eienskappe, 'n persoonlike bepaalde aanleg en moontlikhede wat spesifiek aan hierdie kind verbind is. Die Skenker van die lewe aan hierdie kind doen dit nie sommerso nie.

Dan hou ons as verantwoordelike opvoeders natuurlik rekening met die bepaalde individualiteit van die kind. H. Bavinck, die gereformeerde dogmatikus, het dit presies 'n eeu gelede al so geformuleer: "Die opvoeding moet dus uitgaan van, is gebonde aan, is afhanklik van, is bepaal deur die kind wat daar is en wat aan daardie opvoeding vir versorging toevertrou word. Daardie kind moet ons aanvaar soos wat hy is, met al sy vermoëns en kragte, met al sy aanleg en gawes. Die opvoeders moet dit aanvaar soos God dit gee".

Die vergelyking met die blanko stuk papier of die leë vat is dus volgens die Bybel nie reg nie. Die opvoeding is nie almagtig nie en die opvoeders kan die kind nie net vorm volgens hulle eie ideaalbeeld nie. Hulle kan dit nie doen nie en hulle moet dit ook nie wil doen nie. Die kind wat op daardie spesifieke wyse deur God geskep is, het reg daarop om ook as sodanig deur die opvoeders aangeneem, behandel en gekoester te word. Hy mag kind wees voor die aangesig van God en deur middel van die opvoeding ook geleidelik leer om sy eie manier van geskape wees te aanvaar en te werk aan die daaglikse vernuwung van sy lewe.

Moet ons die toerustingsmodel dan maar heeltemal eenkant toe skuif en die ontwikkelingsmodel omarm? Laat ons weer ons Bybel raadpleeg. Wat ons ook al daaruit verder kan leer oor kindwees en opvoeding, sekerlik nie dat opvoeding veral 'n handeling is wat bestaan uit die begeleiding van spontane groei en ontwikkeling (van talente byvoorbeeld) nie.

Die hele ontplooiingsdenke is vreemd aan die Woord van God. God se gebooie, insettinge en verordeninge moet nie net in ons eie hart wees nie, maar ons moet dit ook ons kinders inprent (Deut. 6). Kinders moet onderwys word in die geskiedenis wat die HERE met sy volk gegaan het (Psalm 78). Hulle moet saamgeneem word in gelowige gewoontes en gebruike van die volk van God (Neh. 8). Kortom, hulle moet deur ma én pa opgevoed word in die vrees van die HERE (Spreuke 1:7-8).

Die opvoeding is nie almagtig nie en die opvoeders kan die kind nie net vorm volgens hulle eie ideaalbeeld nie.

Met die koms van Christus word hierdie pedagogiese opdrag verryk en verdiep. Ons moet met Christus beklee word (Gal. 3:27) en Christus moet in ons 'n gestalte verkry (Gal. 4:19). Ook hier blyk dat opvoeding, as ons dit in die lig van die Bybel beskou, nie aangedui kan word as "om uit te haal wat reeds daarin is" nie, maar eerder as "om daarin te sit wat van nature nie aanwesig is nie". En dit met volledige erkenning van die uitgangspunt soos deur Bavinck geformuleer.

Geloofsopvoeding

Kan ons dit wel doen: "daarin sit wat van nature nie aanwesig is nie"? Nee, nie eintlik nie. Om twee redes.

In die eerste plek is daar die kind self wat nie passief ons opvoeding ondergaan nie, maar wat aktief daarin werksaam is. Ons kan probeer om 'n kind baie te leer deur onderwys, deur 'n voorbeeld te wees of gerigte inset van pedagogiese middels. Maar ons leer hulle nie eintlik nie. In 'n baie gekompliseerde proses van wederkerigheid leer hierdie unieke kind self uiteindelik met sy eie moontlikhede, en drink dit self aktief ons opvoeding in of hy laat dit na. Daardie eie inbring van die kind in die opvoeding bepaal die grense van ons opvoeding. Met daardie besef gaan ons nie agteroor sit nie, maar ons span

Narrow is the road and wide is the gate
that leads to heaven

- Anonymous

ons juis in (in soverre ons dit kan doen) om die kind vir daardie een lewensbestemming toe te rus: om God en die naaste te dien.

En in die tweede plek kan ons ook wat betref die geloofsopvoeding uiteindelik nie “insit wat van nature nie aanwesig is” nie. Die Dordtse Leerreëls vertel daarvoor baie mooi dinge. In hoofstuk III/IV, artikel 12 word die feit dat ons glo, met niks minder nie as met Gods skepping en met die opwekkings van dooies vergelyk. Dat ek en u glo en dat ons kinders gaan glo, is “ ’n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad” van God self deur die Heilige Gees. As opvoeders mag ons daarby diens doen as middel in die hand van God. Ons kan die geloof tot by die hart van die kinders bring, maar nie in die hart self nie. Dit hou God vir Homself. “Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal” (Dordtse Leerreëls, III/IV, art. 14). Daardie geloof vra oorgawe en vertroue en kan rus gee in die lewe van die Christelike opvoeder. Hoe sou ons hemelse Vader hierdie kind van Hom ooit aan sy lot kan oorlaat? Hy het hom mos tot sy kind en erfgenaam aangeneem en wil hom daarom met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van hom afweer of tot sy beswil beskik. In daardie rus mag ons as opvoeders aan die werk spring.

Salig is die barmhartiges ...

J van der Linden

Hoe sag is jou hart? Hoe beweeglik is jou hart?

Dit is die vraag waaroor dit gaan as die Bybel praat oor barmhartigheid. Om met hart en hande in beweging te kom. Om in die hart getref te word, en dit deur die hande sigbaar te maak – beweging *vanuit* hart tot hande.

Wese van barmhartigheid

Egte barmhartigheid wys dus op *beweging*. Dit wat eers stil was, moet nou in beweging kom. So hoor ons dit tog ook dikwels as daar “aktiverings-oproep” gemaak word? “Ons moet ophou om stil te sit, en iets gaan doen”. Die Bybel roep ons op om barmhartig te wees, en daarom moet ons ook iets gaan *doen*. Daar word ’n enorme appél op my gemaak om in beweging te kom.

Natuurlik is die beweging (teenoor die stilstaan) in hierdie oproepe baie belangrik. Maar mis ons hier nie iets wesenliks nie?

Een van die dinge waaraan ander dan ook (tereg) aandag gee, is die barmhartigheid se egtheidstoets: Kom dit ook werklik uit jou hart? Die bepalende saak vir barmhartigheid is tog uiteindelik jou hart.

Ons praat nou oor die “hart” van die mens, nou het ons tog seker by die wese van barmhartigheid uitgekóm?

Egte barmhartigheid is nie iets wat uit my hart begin vloei het nie, dit is iets wat by God se hart begin het.

Ek is bang dat ons gesprekke oor barmhartigheid baie keer rondom hierdie twee sake sentreer: Is jou hart reg? En is jou hart in beweging? En dat ons sodoende tog nog niks sê oor die diepste geheim van barmhartigheid nie. Dat ons werklik die wese van barmhartigheid mis!

Want die wese van barmhartigheid begin nie by my hart nie. Ons oproepe tot beweging kan nooit op my fokus nie. Anders is ons barmhartigheid niks anders as die wêreld se barmhartigheid nie.

Voordat daar enige iets gesê kan word oor my beweging moet ons weet dat die *hemel* in beweging gekom het. Egte barmhartigheid is nie iets wat uit *my* hart begin vloei het nie, dit is iets wat by *God* se hart begin het. Die bron van alle barmhartigheid lê by God. Dit vloei soos ’n stroom voort uit Sy hart.

Voordat God ooit ’n opdrag tot barmhartigheid aan my gegee het, laat Hy ’n stroom vanuit die hemel na die aarde vloei. *Voordat* ek ’n oproep gekry het om ’n hart te hê wat in beweging is, het Hy ’n oorvloedigende stroom begin. Dit is die geheim van barmhartigheid!

My opdrag om in beweging te kom, is niks anders as om te gaan staan in hierdie oorvloedigende stroom van barmhartigheid wat by God begin het, nie. Spring deur die geloof in, en laat jou meesleur! Kom in beweging deur die groot beweging wat by God Self begin het! Slegs so kan my hart ook werklik in beweging kom. Slegs so kan barmhartigheid krag en effek hê. Slegs so kan my hartsmotiewe suiwer bly. Slegs so kan ek iets sigbaar maak as Christen wat (letterlik) wêreldse verskil van dit wat rondom my in die samelewing gevind word. Slegs so kan ek God behaag met my barmhartigheid - deur nie Sy barmhartigheid te minag nie!

God's wounds cure, sin's kisses kill

- W Gurnall

Bepalend vir my opdrag van barmhartigheid is dat ek drie bewegings sien. God die Vader beweeg, God die Seun beweeg, en daarom en daaruit word ek deur die Gees in beweging gebring.

God die Vader beweeg

Hoe pragtig word dit vir ons beskryf in Luk. 1:78. Die opgaande Lig, Jesus Christus, het ons uit die hoogte besoek *as gevolg van die innige barmhartigheid van God die Vader*. Daar het die beweging begin - toe my Vader my aanskou het in die duisternis en doodskaduwee (Luk. 1:79). Toe Hy gesien het hoe ek in die modder van my lewe vassit – heeltemal vasgeketting in hierdie sonde en ellende van my. Toe Hy aanskou het hoe ek Hom gehaat het, sy vyand was (Rom. 5:10), en sy goedheid uit my lewe gesny het.

Dit was hierdie ellende van my wat God so diep getref het. Dit het God as 't ware oorweldig. Letterlik staan daar in Luk. 1:79 (en dit is 'n menslike beeld) dat God se ingewande in beweging gekom het van barmhartigheid. Sy ingewande het saamgetrek van uiterste emosie en betrokkenheid. So sterk was Hy aangegryp deur ons lot! Sy hele wese is daardeur geraak.

So mag ons Vader leer ken in ons opdrag van barmhartigheid: as die Vader wat in beweging kom vir sy kinders omdat Hy so diep deur hulle lot getref word. Vader kon dit nie so laat nie. Hy *moes* ingryp.

En sien dan tog raak hoe oneindig ver, hoe oneindig groot, hoe onvoorstelbaar duidelik Vader in beweging gekom het! Hy het Sy eie, Sy geliefde Seun gestuur. God se volk moet sien: Vader gee soveel as wat maar moontlik gegee kan word. Hy gee as 't ware sy eie hart weg – sy eie Seun. So bewoë, so diep bewoë oor ons lot.

My opdrag om in beweging te kom, is niks anders nie as om te gaan staan in hierdie oorfloedige stroom van barmhartigheid wat by God begin het.

Vader het tot die uiterste geweier om Sy hande in onskuld te was oor my ellende en ongeregtigheid. Hy het geweier om my oor te laat aan myself. Hy sou *gee* om dit alles te verander: Selfs sy eie geliefde Seun tot sonde *maak* sodat ek van die doodskaduwee gered kan word.

So het die stroom van hierdie Goddelike barmhartigheid begin. By Vader wat deur ons lot diep in die hart getref is! Die geheim van egte barmhartigheid: My Vader se hart en hande het in beweging gekom – vir my! Hy het sy eie geliefde Seun gestuur.

God die Seun beweeg

Maar dan is Christus nie slegs die *bewys* van Vader se barmhartigheid teenoor my nie. Christus het nie na die aarde gekom om ons op te roep tot barmhartigheid (vgl Matt. 5:7) as 'n afstandelike boodskapper nie. Wie barmhartigheid soek, mag dit juis ook in oorfloed by Hom vind! Christus is immers die weg tot Vader se hart. By Hom gaan die bron van Goddelike barmhartigheid vir ons oop. Hy ontsluit die bron van God se barmhartigheid. As Verlosser kom wys Hy die weg na God se barmhartigheid. Meer nog, Hy *is* die weg waardeur ek volledig in die stroom van God se barmhartigheid mag staan.

Kyk maar hoe sien ons by Christus presies dieselfde Goddelike barmhartigheid. Dink byvoorbeeld aan Mark. 6 en Mark. 8 (6:34-37a; 8:1-3). 'n Groot groep mense, wat geensins almal getroue volgelinge van die Here Jesus is nie. En Hy kry hulle jammer omdat hulle soos skape sonder 'n herder is. So breed is die Goddelike barmhartigheid! Goddelike barmhartigheid vind nie sy oorsaak in liefde wat ontvang word nie. Goddelike barmhartigheid word nie gegee *op grond* van iets wat jy vir my gedoen het nie. Geen voorwaardes wat gestel word voordat jy in die binnekring van Christus se barmhartigheid kan kom nie. Dit is die verrassende van Goddelike barmhartigheid: waar niemand eers daarvoor gevra het nie, word dit tog bewys! So gaan dit immers in die stroom van God se barmhartigheid: ek word so diep getref dat ek nie meer onbetrokke *kan* bly nie!

Hoe breed die Goddelike barmhartigheid ook al is, dit neem nooit weg aan die diepte daarvan nie. Want juis hierin lê die uniekheid van hierdie soort barmhartigheid. Waar niemand in die wêreld omgee vir die *siel* nie, bly dit 'n onmisbare deel van barmhartigheid. Waar niemand omgee hoe iemand teenoor God staan nie, erken Goddelike barmhartigheid dit juis as sy kern!

So sien ons dit tog in Mark 6? Christus se barmhartigheid word allereers daarin sigbaar dat Hy die volk *onderrig*. Die lewe met die ewige en heerlike God bepaal uiteindelik iemand se rykdom of armoede! Natuurlik gaan dit ook verder as die siel (bv Mark. 6:37vv en Mark. 8). Daar word ook voedsel uitgedeel. Maar tog mag ons nooit die uniekheid van Goddelike barmhartigheid opgee nie!

Daar word niks in die heiliging vernietig nie, behalwe dit waardeur ons vernietig sou word

- W Jenkyn

Deur die Gees...

God die Vader het in beweging gekom en Christus gestuur. Christus het tussen ons kom woon en in beweging gekom. En noudat Hy die Gees vir ons verwerf het, en dit ook oor ons uitgestort het, juis daarom kan ons nou ook in beweging kom! Nie ek en my barmhartigheid nie! Nie ek wat in beweging moet kom nie!

Ek sien die Vader wat die oorvloedige stroom van Goddelike barmhartigheid hier op die aarde bring. Ek sien die Seun, Jesus Christus, wat die sleutel dra (sleutel is) van hierdie oorvloedige stroom. Ek sien die Heilige Gees, uitgestort, wat my deel maak van hierdie oorvloedige stroom.

Juis so word dit ook duidelik dat harte nie afgestomp word omdat ons so baie met ellende en moeites in aanraking kom nie. Harte word nie hard na gelang van tyd nie. So was dit tog ook nie by die Here Jesus nie? Nee, harte word afgestomp deur ons kleingeloof, deurdat ons ons oë wegneem van ons barmhartige God.

Die geheim van my barmhartigheid is om te sien hoe diep Hy in die hart getref is deur my ellende. Hoe Hy elke dag in beweging kom. Elke dag weer! My God wat *nooit* afgestomp kan raak vir my ellende nie. Deurdat ek *dit* raaksien en besef bly my hart sag en beweeglik.

Barmhartigheid kom uit die hemel. Daarom kan Jesus die barmhartiges ook *salig* noem (Matt. 5:7). Salig beteken immers: hemelse vreugde! 'n Hemelse vreugde wat niks te make het met "ek-wat-my-hart-in-beweging-moet-bring" nie. Dit is 'n vreugde wat die gevolg is van Goddelike werk in my.

Die Vader het in beweging gekom: vir my!

Die Seun het in beweging gekom: vir my!

Die Gees het in beweging gekom: vir my!

Ja, nou kan ek ook nie anders nie.

Vir Hom, my Drie-Enige Barmhartige God!

Saam met al die heiliges

Die reformatore oor barmhartigheid

(Die woorde in aanhalingstekens is die direkte woorde van die reformatore)

Luther (1483-1546)

(J Faber, 1960)

Luther trek dan ook die konklusie "dat 'n christenmens in Christus leef deur die geloof, in sy naaste leef deur die liefde; deur die geloof vaar hy bo homself uit in God, uit God vaar hy weer ondertoe deur die liefde".

Afgesien van hoe die terme hier tog nog deur die mistiek van die Middeleeue beïnvloed is, sien ons hier die suiwere verhouding van geloof en liefde-tot-die-naaste.

"Waar geen liefde is nie, gebeur daar in werklikheid niks nie. Indien jy jou naaste nie help soos wat jy kan nie, is alle werke verlore, ook al doen jy meer as wat Christus en al die heiliges gedoen het. Liefde is 'n gunstige hart vir die nood van ander, en dit vergeet van homself. Die liefde is nie 'n lui en slaperige ding wat in die hart stil en snorkend lê nie".

Luther het opnuut aandag gevra vir die algemene priesterskap van alle gelowiges, wat homself moet bewys in die daaglikse saamleef van die gemeente as die volstreekte diens aan mekaar. "Elkeen moenie slegs daar wees vir sy naaste nie, maar hom oorgee vir sy naaste, al kos dit ons liggaam, lewe, goedere, eer en alles wat ons het".

Calvyn (1509-1564)

(Institusie III, 7,6)

"Die Here gebied ons om aan alle mense goed te doen, al is 'n groot deel van hulle dit nie waardig as hulle volgens hulle eie verdienste getakseer word nie. Die Skrif kom ons hier egter met die heel beste hulpmiddel tegemoet wanneer dit leer dat ons nie ons oë moet vestig op dit wat mense vanself kan verdien nie maar dat ons die beeld van God in almal in aanmerking moet neem, en daaraan is ons alle eer en liefde verskuldig.

Gevolgtrek het jy geen rede om te weier om iemand, wie hy ook al is, te help wanneer hy op jou pad kom en jou hulp nodig het nie.

A man can no more diminish God's glory by refusing to worship Him than a lunatic can put out the sun by scribbling the word "darkness" on the walls of his cell. - CS Lewis

Gestel nou dat hy 'n vreemdeling is. Maar die Here het sy teken op hom afgedruk, en dit behoort vir jou bekend te wees. Daarom verbied Hy jou om jou eie vlees te minag.

Gestel nou dit is 'n veragtelike mens wat niks werd is nie. Maar die Here toon dat dit iemand is wat Hy waardig geag het om met sy beeld versier te word. Gestel nou dat jy geen diens aan hom verskuldig is nie. Maar God het hom asof dit in sy plek is, gestel sodat jy soveel en sulke groot weldade waarmee Hy jou aan Hom verbind het, kan herken. Gestel dat hy dit nie werd is dat jy selfs die geringste moeite ter wille van hom doen nie. Maar die beeld van God waardeur hy by jou aangeprys word is dit werd om jouself en alles wat jy het, tot sy beskikking te stel. Selfs as hy niks goeds verdien het nie maar jou met onregte en ook met wandade uitgetart het, is selfs dit nie 'n gegronde rede waarom jy daarvan moet afsien om hom met liefde te omhels en liefdespligte teenoor hom te bewys nie."

He may look on death with joy
who can look on forgiveness with faith

- T Watson